ARTIKEL

Prof F A van Jaarsveld

# Hoe bereik geskiedenis ons in die alledaagse lewe?

## 1. 'n Gewone leefwêreldlike historiese bewussyn

Die moderne grondkategorie van die geskiedenisdidaktiek is die kweking van 'n historiese bewussyn. Of daarmee in die formele onderrig op skool en die universiteit geslaag word, is 'n oop vraag. Dit gaan hier nie om 'n akademiese nie, maar om 'n buite-skoolse, ekstra-akademiese leefwêreldlike historiese bewussyn. Dit hang saam met die vraag hoe geskiedenis ons in die alledaagse lewe bereik, en of ons bewus is van sy teenwoordigheid wat uit so baie dinge om ons spreek. Dit gaan om die kweking van 'n gesindheid of houding van oplettendheid teenoor die spore van die verlede, wat aan ons ruimte of diepte in ons alledaagse leefwêreld kan verskaf, en wat ons daardeur gelukkiger mense met historiese diepte maak.

Met historiese bewussyn word nie bedoel bloot net 'n wete van die teenwoordigheid van die verlede rondom ons nie. Dit is foutief om te dink dat die historiese bewussyn net een dimensie het, naamlik die verlede. In die tydstruktuur van die historiese bewussyn is daar drie elemente wat onderling saamhang, naamlik hede, verlede én toekoms. Historiese bewussyn is *drie*-dimensioneel. Wie sy eie tyd bewustelik wil belewe, moet wéét van die wording daarvan uit die verlede, en tegelykertyd ook van die toekoms, dit is in welke rigting die dinge besig is om te ontwikkel. Dit was nog altyd so dat, wat as toekomsverwagting gestel is, die vertolking van die verlede bepaal het, en tot die verstaan van die eie leefwêreld in die eie lewenstyd lei. Dit was die geval met byvoorbeeld die Afrikaners wat 'n republiek en 'n *Afrikaner*- Suid-Afrika nagestreef het, en wat die verlede toé gesien het as afsturende op die afsny van die Britse konneksie en die koms van 'n republiek, of die skepping van 'n konglomoraat van "aparte" state in Suid-Afrikaanse verband. Hierteenoor sien Swart Suid-Afrikaners die toekoms vandag as 'n swart beheerde, en vertolk die verlede dus as 'n "swart" verlede, afsturende op 'n *Afrika*- Suid-Afrika, wat in Afrika-verband sal moet "tuiskom". In beide gevalle is 'n beroep op die verlede gedoen om toekomsoogmerke te bereik, en om as bindende faktor en inspirasie te dien.

Vir my gaan dit hier nie om 'n historiese bewussyn wat aan 'n nasionale besef of politieke doelstelling gekoppel is nie, maar om 'n historiese bewussyn wat alle mense in hulle leefwêreld raak. Dit is in hierdie leefwêreld waar die verlede spore nagelaat het, wat elke dag óm ons waargeneem kan word, as ons ten minste daarvan bewus is. Daar moet 'n historiese bewussyn gekweek word wat ons kan help om ons leefwêreld as gewordene, histories te ervaar en te verstaan. As 'n mens nie *bewus* gemaak word van die spore van die verlede in sy omgewing of sy wêreld nie, sal hy nie 'n sin vir die verlede openbaar nie, en met toe-oë deur die lewe gaan. Reeds op skool kan 'n kind of jongmens geleer word om 'n oog vir die dinge van die verlede te ontwikkel en die hede as 'n *gewordene* te leer sien.

As 'n mens op skool van die Griekse doriese, ioniese en korintiese pilare geleer het, sal hy, as hy oplettend is, daardie tipe pilare in ons openbare geboue landswyd raaksien. Dit is die verlede wat daaruit spreek. Stap hy in Eloffstraat, Van der Walt- of Du Toitstraat, sal hy weet dat dit nie bloot straat*name* is nie, maar dat dit die verlede aan ons bring, dus simbolies is. Dit geld ook die name van stede soos Pretoria, Pietermaritzburg en Durban. Wie 'n leefwêreldlike historiese bewussyn het, en dus kennis dra van die *inhoud* van die name, sal 'n gelukkiger mens wees, 'n mens met 'n historiese dimensie, wat hom oor sy omgewing sal laat heers. Die historiese bewussyn skep *ruimte* en *diepte* vir die mens se kennis en ervaring. Jy styg as't ware bo die eie klein leefwêreldjie uit, en ontdek die wêreld daarbuite. Dit verbreed die intellektuele horison en *oriënteer* 'n mens in die land en wêreld waarin hy leef. Ook verleen dit *identiteit* aan hom. Deur kennis van die verlede leer hy om te weet wié hy is. Wie 'n historiese bewussyn het, kan 'n gevormde mens genoem word en 'n gelukkiger mens wees as iemand wat nie 'n bewussyn het van die tekens en spore van die verlede in sy onmiddellike leefwêreld nie.

## 2. Hoe kom "gewone" geskiedenis ons in die alledaagse lewe teë?

Dit gaan hier om 'n eenvoudige saak wat deur ons in ons lewensingesteldheid misgekyk word. Iemand wat rook, koop 'n pakkie sigarette. Hy merk nie op dat die *verlede* daarin, ter wille van verkoopswaarde, ingesmokkel is nie, om byvoorbeeld te dink aan "Rembrandt – elke sigaret 'n meesterstuk" – al gluur dié 17de eeuse kunstenaar die roker uit die pakkie aan. Weet ons iets van hom? Of die drinker koop 'n bottel "Richelieu", 'n "Johnie Walker" – "still going strong" – 'n "Oude Meester" of 'n

## Hoe bereik geskiedenis ons in die alledaagse lewe?

"Napoleon" wie se portret uit die bottel na ons kyk. Dink ons dan aan wie Napoleon was? Of ons boek as toeriste in die "Victoria"-, "Mount Nelson"- of "Paul Kruger"-hotel – sonder om ooit aan die ingesmokkelde geskiedenis te dink, wat die gebruikswaarde aan die hotel moet bevorder. Dit is geskiedenis in bedekte vorm wat ons teëkom en wat tot ons spreek – om te vergeet van straat- en stadsname. Ons leef by die geskiedenis verby.

In 'n biblioteek kom ons historiese romans teë – "Die Wit Kraai" byvoorbeeld, en lees dit as vermaak. Ja, geskiedenis word ook as vermaak aangebied – in die literatuur, die gedig, in die historiese dokumentêre film en in die beeldradio of speelfilm in 'n bioskoop. Ons kom dit ook teë in koerante en alledaagse tydskrifte, afgesien van wetenskaplike historiese tydskrifte waarop die "gewone" mens net nie inteken nie. Geskiedenis spreek soms tot ons in politieke toesprake of tydens kerklike of kultuurfeeste.

Die moderne mens ken so iets soos "vakansies" of "verlof", waar hy in die industriële samelewing swoeg om 'n inkomste. Hy word 'n jaarlikse *toeris*. Die motorkar en karavaan maak hom mobiel. Het hy 'n oog vir die monumentjies wat hom op pad teëkom? Om byvoorbeeld te dink aan die gedenkteken by die Sandrivier, waar in 1852 Transvaal sy onafhanklikheid van Brittanje gekry het, of die Potgietermonument by Potgietersrust wat die gebeure van 1854 by die Makkapaansgrotte in herinnering bring. Hou die moderne toeris nog stil by historiese monumente? Ja die toeristebus versuim dikwels by "historiese gedenkwaardighede" – oú geboue of die Voortrekker- of Paul Krugermonument. Word die monumentale, vererende en herinneringswaardige in hierdie simbole van die verlede waardeer? Of die bewarende funksie van argiewe en museums, waar tasbare voorwerpe van die verlede bewaar en as blywende herinnering aan 'n verbygane verlede vertoon word? Word historiese uitstallings, veal by feestelike geleenthede voldoende besoek en waardeer?

Die geskiedenis herleef ook op volksfeeste – rituele – wat jaarliks aangebied word. Dit bring die verlede tot heropstanding in die lees van 'n gelofte of in die inhoud van 'n historiese preek of toespraak, wat katedergeskiedenis is. Die Afrikaners van die verlede was histories gekondisioneer omdat dit saamgehang het met 'n nasionale bewussyn, politieke strydvaardigheid en die behoefte aan bindingselemente, wat sedert 1961 verval het, met ander woorde, by die Afrikaanssprekendes het daar sedertdien 'n verval van die historiese bewussyn ingetree. Dit blyk ook uit die verval by Wit leerlinge om geskiedenis as vak tot matriek te neem, in teëstelling met die groot belangstelling wat Swart en Bruin leerlinge en studente in geskiedenis toon, juis vanweë 'n behoefte om 'n politieke stryd te onderskraag, soos dit eens op 'n tyd by die Afrikaners was, toe hulle die Britse onderdrukker met historiese argumente teengestaan het.

In ons eie omgewing, ons daaglikse leefwêreld, kom geskiedenis ons teë – in die vorm van 'n woonhuis, die straat met sy bome en voorstad. Weet ons van die wording daarvan? Dit geld ook vergete begraafplase op die platteland. Eens op 'n tyd was die platteland dig bevolk, maar verstedeliking het die boeremense na die stedelike werkverskaffingsplekke weggelok. Plase is verkoop en die ou boerekerkhowe het onversorgd agtergebly. Sommige kopklippe getuig van die vorige eienaars, maar gebrek aan inskripsies laat die meeste mense anoniem en vergete. Hulle geliefdes is dood of het verhuis. Wie sy wêreld nie *bewus* belewe nie, kan nie 'n opgevoede en gelukkige mens genoem word nie.

### 3. Die "diepte"-geskiedenis in ons alledaagse leefwêreld

Woon iemand op 'n eensame boereplaas, kom die ruïnes van ou boere-wonings – pioniershuisies – hom teë, maar ook talle ruïnes van ronde klipkraaltjies wat agtergelaat is, en wat eens op 'n tyd nog voor die koms van die Blankes deur Swartes in groot statte bewoon is – moontlik verwoes deur die Difaqane – maar nou swygsaam – al is daar ou maalklippe, stukkies kleipotte wat deur die meerkatte uit die ou ashope geskop is, ja ook fossiele veepaadjies en landerye, wat getuig van 'n verbygegane lewe, lánk voor die vestiging van Blankes in die Vrystaat en Transvaal. Sien ons dié stukkie verlede wat hulle ons aanbied raak? Sulke ou klipkrale is deur die boere nog in ons tyd as skaap- en beeskrale benut, of ingebou in hulle skure, stalle en damme, sonder dat ons ooit navraag oor hulle herkoms gedoen het. Klipruïnes en klei-bouvalle "spreek" tot ons.

Dan is daar die klipwerktuie wat ons dikwels in die veld óf in erosieslote aantref – as ons ten minste kennis daarvan en 'n oog daarvoor het. Hanteer 'n mens só 'n perfek geskilferde werktuig uit die oertyd – dit kan tot 3 of 400 000 jaar terugreik, dink hy dan aan diégene wat vóór ons die land bewoon, en gejag en versamel het, en aan die kunstige tegniek om vorm aan so 'n stuk klip te gee? Ja, dit getuig van tekens van menslike bewerking, behoeftes en funksies. Ook 'n besoek aan 'n grot toon aslae, en in die naaste omgewing soms, primitiewe ystersmeltoonde. Ou ysterpikke of asgaaipunte wat uit die grond gespit word, getuig van 'n verbygegane lewe lank vóór ons.

Mense wat vrye tyd het, gaan dikwels op staptoere. Hulle bestyg heuwels en berge. Oplettendes vind rotslae, soms met dierefossiele daarin. Besef hulle dat 'n verre verlede daarin tot hulle spreek? Die vorming van die Witwatersrand- en Magaliesberge sandsteenlae gaan tot 2 500 miljoen jaar in die verlede terug. Dit sal 'n mens gelukkig maak as hy 'n bietjie geologies-historiese kennis van klippe en rotslae het, bloot ook om hom te laat besef hoe oud ons moeder Aarde werklik is, en dat alles in die natuur ook 'n histories-gewordene is, soos ook die plante, bome en diere om ons.

Snags slaap staptoeriste dikwels in die veld. Vanuit hulle slaapsakke aanskou hulle bó hulle die naghemel waarin sterre skitter, maar ook planete hulle eierdanse uitvoer. Besef die mens dat dit "geskiedenis" is wat uit die heelal op hulle neerkyk? Einstein het die beginsel geformuleer dat, as jy opkyk in die nagtelike *ruimte* om jou, kyk jy

## Hoe bereik geskiedenis ons in die alledaagse lewe?

terugwaarts in die *tyd*. Dit toon die verhouding van ruimte en tyd tot mekaar aan wat onafskeidbaar aan mekaar verbonde is. Die verste voorwerpe is die oudste – om byvoorbeeld aan kwasare die nuut ontdekte te dink. Hulle lig – boodskappers uit die ruimte – neem langer om jou te bereik as die nabygeleë planete en skitterende sterre – gasballe in die dieptes van die ruimte.

Dit geld ook die opgrawings in 'n grot, waar die boonste, nabygeleë lae, die jongste voorwerpe en lewenswyse van oermense verklap, terwyl die diepste, onderste lae van lang vervloeë tye getuig. Elke ster, elke planeet is "histories", het eens op 'n tyd ontstaan, sommige vroeër as ander, en moet in die toekoms vergaan. Hulle almal getuig van die ouderdom van die heelal – sy geskiedenis – vanaf die Oerknal tot hede, wat sowat 20 000 miljoen jaar bestryk. Hierteenoor dateer die ontstaan van die son en planete maar ongeveer 4,6 miljoen jaar, en is dus betreklik jonk soos ook die verskyning van plante, diere en die mens op aarde.

Ons leef in 'n wêreld van geskiedenis. Ons eie, klein, alledaagse leefwêreld is daarmee gevul. Geskiedenis kom ons om elke draai en elke hoek tegemoet. Die vraag is of ons bewus is daarvan, of ons 'n historiese bewussyn het wat in ons daaglikse leefwêreld veranker is, en of ons skool- en universitêre geskiedenisopleiding ons daarvan bewus gemaak het. Indien nie, word geskiedenis op 'n verkeerde manier aan ons geleer. Indien die onderrig van geskiedenis nie 'n alledaagse leefwêreldlike historiese bewussyn by ons kweek nie, het dit nie aan sy doel beantwoord nie. Dan is *her*opvoeding, *buite* die "akademiese" skool- en universitêre opleiding om 'n noodsaaklikheid. Hier is dan van *self*-opvoeding sprake, wat 'n verhewe doel dien, naamlik die vorming van persoonlikheid by 'n individu wat van 'n historiese dimensie in sy ervaring van en benadering tot die werklikheid sal getuig. So 'n mens ervaar die wêreld anders as die mens sonder historiese bewussyn.

**Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig**

**ALGEMENE VERGADERING**

**28-29 September 1992**

**Pretoria**
**Universiteit Vista**

Nadere besonderhede volg

**South African Society for History Teaching**

**ANNUAL GENERAL MEETING**

**28-29 September 1992**

**Pretoria**
**Vista University**

Further details to follow